

BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER ADVENT EN EPIFANIE

Ons het die afgelope jare die waarde daarvan ontdek om **in ons persoonlike Bybellees dieselfde Skrifgedeelte vir 'n week lank te lees** – eerder as elke dag 'n ander teks. Die eeu-oue *Lectio Divina*-metode is een van baie hulpmiddels wat jou hiermee kan help. Dit sal jou help om die Skrifgedeelte nie bloot herhalend te lees nie, maar regtig al “dieper”, op so 'n manier dat jy die Gees [God!] regtig kan hoor en Hy in jou lewe kan werk.

Ons moedig ook **kleingroepe/families** aan om ook tydens die week die teksgedeelte saam te lees en te bespreek.

Op Sondag kom ons dan in die **erediens** bymekaar om die week se teks saam te lees en God se genade daarin te vier!

LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES



Lees die teksgedeelte 'n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

MEDITEER



Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe “lees”. Die Bybel (God!) raak die “subjek” van die aktiwiteit en ons lewe die “objek”.

BID



Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit 'n spontane reaksie om daarvoor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloop.

ONTVANG & LEEF

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen*. “Ontvang” dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: “*Laat dit met my wees volgens u Woord*”. Bid is hier ontvang en dankie sê.

Onthou dat hierdie vier fases nie iets meganies is nie. Doen soms net een fase per dag. Soms sal jy vind een fase vloei sommer in die ander oor. Vind jou eie ritme.

Die Christelike Nuwe Jaar begin met die tyd van **Advent**. Dit is die vier Sondae voor Kersfees wanneer ons vier dat God in Jesus na ons wêreld toe gekom het (“adventus” in Latyn = “aankoms”, “nader kom”). Ons vier in die Adventstyd Jesus se eerste koms na die wêreld toe. Ons herinner mekaar daaraan dat Hy wees sal kom en dat Hy elke dag in ons lewens kom. Maak gerus tuis ’n adventskrans en steek elke week een van die kerse aan. Die vier kerse simboliseer die gawes wat Christus vir die wêreld gebring het: hoop, vrede, vreugde en liefde. Op Kersdag word die middelste kers, die Christuskers, aangesteek.

Epifanie beteken “verskyning”. Dit is die tyd na Kersfees wanneer ons vier dat God deur Jesus in ons wêreld verskyn het - en dat Hy vandag nog verskyn. Epifaniefees het aanvanklik in die Oosterse Kerk ontstaan en word op die eerste Sondag van Januarie gevier. Die besoek van die sterrekykers en die doop van Jesus word o.a. in die tyd van Epifanie herdenk. Die fokus is op hoe Jesus se Godheid en sy koningsheerskappy sigbaar word in wat Hy doen. Die motief van lig (Jesus is die Lig vir die wêreld) is sentraal in hierdie tyd. Epifanie wil ons help om in die nuwe jaar met geloofsoë na die wêreld en na ons eie lewens te kyk sodat ons die daaglikse verskyning van God kan raaksien.

EIE BYBELLEES

<i>Week</i>	<i>Seisoen</i>	<i>Teks</i>	<i>Erediens</i>
12 - 18 Nov	<i>Koninkrykstyd</i>	Lukas 1:25-38	18 Nov
19 - 25 Nov	<i>Sondag van Christus die Koning</i>	Lukas 21:29-38	25 Nov
26 Nov - 2 Des	<i>Eerste Advent</i>	Lukas 3:1-6	2 Des
3 - 9 Des	<i>Tweede Advent</i>	Lukas 4:4-7	9 Des
10 - 16 Des	<i>Derde Advent</i>	Lukas 1:39-56	16 Des
17 - 23 Des	<i>Vierde Advent</i>	Lukas 2:1-20	23 Des
25 Des	<i>Kersfees</i>	Johannes 1:1-18	25 Des
23 - 30 Des	<i>Sondag na Kersfees</i>	Johannes 1:29-34	30 Des
31 Des - 6 Jan	<i>Epifaniefees</i>	Lukas 2:25-40	6 Jan

